# SENTRAAL KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT

*Alle aspekte van ons personeel prosesse is nie-diskriminerend en sal daar aan alle kandidate gelyke geleentheid gebied word om aansoek te doen vir vakante poste:*

***EKSTERNE VAKATURES***

## *SWAAR VOERTUIG OPERATEUR (X5)*

***DEPARTEMENT PAD INFRASTRUKTUUR DIENSTE***

***Salaris : TASK 7*** *(R159 888.00 PER JAAR)*

**Standplaas:** BEAUFORT-WES (1), PRINS ALBERT (2), MERWEVILLE (1), LAINGSBURG (1)

**KWALIFIKASIEVEREISTES:-**

- Ten minste graad 9 met 3 jaar **toepaslike** en bewysbare ondervinding in die hantering van grondverskuiwings masjienerie soos laaigrawe, padskrapers, 4x4 trekkers, kompaksie rollers, kruiptrekkers **(Eksterne kandidate)**
- **of** Graad 9 en suksesvolle voltooiing van interne evaluasie proses **(Interne kandidate)**
- Goeie lees-, kommunikasie-, toesighouers- en skryfvaardighede.
- 'n Geldige Kode EC-lisensie met PrDP.
- Vaardigheid in twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap (Afrikaans/Engels/Xhosa)
- Die suksesvolle kandidaat sal onderwerp word aan mediese fiksheid assessering in terme van die voorskrifte van die Konstruksieregulasies en Wet op Beroeps-gesondheid en Veiligheid, 1993.

***Kandidate sal onderwerp word aan bevoegdheidstoetse in terme van die hantering van siviele konstruksie masjinerie. Daar word van kandidate verwag om weg van hul tuisdorp te werk en uit te slaap soos operasioneel vereis. Dui asb duidelik aan vir watter standplaas u aansoek doen.***

---

***Die suksesvolle kandidaat sal onder andere verantwoordelik wees vir die volgende:*** • Vervoer van personeel en goedere • Veilige hantering, nasien en bestuur van konstruksievoer- en werktuie soos van toepassing in die konstruksie hergruisspan • Konstruksie aktiwiteite sluit in uitgrawings, verwerking, plasing en kompaksie van gruislae, watervervoer, verkeerbeheer • Toesighouding soos vereis

---

**Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele:-** Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingsubsidie, ruim verlof en siekteverlof, 'n dertiende tjek na 12 maande diens, bydrae tot groepversekeringspremies asook hulp met verhuisingskostes onderworpe aan sekere voorwaardes.

Aansoeke op die Raad se amptelike aansoekvorm word ingewag **voor of op 3 Januarie 2022. Aansoeke sonder gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies en bestuurderslisensie sal nie oorweeg word nie.** Indien verdere besonderhede verlang word kan Mev G L van Zyl gekontak word by (023) 449-1000. Indien geen terugvoer binne drie maande vanaf die sluitingsdatum ontvang is nie, kan aanvaar word dat 'n aansoek nie geslaag het nie.

*DR S.W. VATALA : MUNISIPALE BESTUURDER*
*PRIVAATSAK X560*
BEAUFORT-WES
**6970**

DONKINSTRAAT 63 DONKIN STREET PRIVATE BAG X560, BEAUFORT WEST, 6970
**(023) 449 1000 (023) 415 1253 E-POS/E-MAIL: manager@skdm.co.za**